basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 43 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |

| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| 6. *Paljas* | 35 | 26 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 30 |

| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.** | | |
|---|---|---|
| 8.1 "Vegvlieënier Vivian" | 17 | 34 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die ballade van Robbie de Wee" | 18 | 36 |

| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.** | | |
|---|---|---|
| 9.1 "Die nuwe kind" | 17 | 39 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Tien haikoes vir die Vredefortkoepel" | 18 | 41 |

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

"Dis ek, oom Martiens. Saul."

"Saul?" Dis of baie onthou deur die ou man se oë glip. "Van oorle Joram?"

"Ja, oom." Die ou se span is kleiner, sien Saul. Twee skoonseuns en net een eie seun. "Ek is vir 'n paar dae terug in die Bos, oom. My kos het opgeraak."

"Lyk my jy het uit meer as net kos geraak. Kom, die skerm is daar anderkant." ... Op die putkuil lê stinkhout en onder die byle staan 'n mooi kalander reg om elke oomblik te begin kraak vir die val. Nêrens op die hout is die bosbewaarder se merk nie ...

"Hoe's dit dan lat jy hier loop, Saul?" vra die ou by die skerm. "Ek het dan gehoor jy is weg?"

"Dis 'n lang storie, oom. Ek sal vir die kos betaal."

***

"Ek wil nie jou geld hê nie!" Oom Martiens is skielik vyandig en trots soos 'n berg.

"Smyt dit dan in die vuur, oom! Ek is nie melaats nie en my geld is nie gesteel nie." ... "Daar is min dinge waarvan julle my nie beskuldig het in hierdie bos nie, oom Martiens, maar die laaste genot sal ek julle nie gee nie: julle sal nie kan sê Saul Barnard het om kos kom bedel nie!" ...

"Van wat het ons jou beskuldig?" vra die ou man uitdagend-agterdogtig.

1.1 Na watter deel van die Bos is Saul in die uittreksel hierbo op pad? (1)

1.2 "Saul?" (Reël 2)

Wat kon Saul uit oom Martiens se uitroep aflei? (1)

1.3 "Op die putkuil lê stinkhout en onder die byle staan 'n mooi kalander reg om elke oomblik te begin kraak vir die val." (Reël 6 en 7)

1.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As gevolg van Saul se (andersheid/luiheid) het hy as kind geweier om die groot kalander af te kap. (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1. (1)

1.4 Waarom was dit beter dat Saul niks gesê het oor die feit dat die hout nie die bosbewaarder se merk op gehad het nie? Gee TWEE redes. (2)

1.5 "Ek sal vir die kos betaal." (Reël 11)

Dink jy dit was verkeerd dat Saul vir die kos wou betaal? Motiveer jou antwoord. (1)

1.6 Oom Martiens het rede gehad om vyandig teenoor Saul te voel.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

1.7 Saul is op verskillende maniere gebrandmerk.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.4) neer.

Nadat hy die (1.7.1) ... se kop oopgekap het, is hy 'n oproerling genoem. Toe sy pa hom die huis belet het, het hy die naam (1.7.2) ... gekry. Die Bosmense het hom 'n (1.7.3) ... genoem, omdat hulle gedink het hy het vir die boswagter vertel waar die Bosmense wippe stel. MacDonald het gesê alle Boskinders soos Saul is (1.7.4) ... en vuil. (4)

1.8 Watter les oor veroordeling kan jy uit die uittreksel by oom Martiens leer? (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.9) neer.

Dit is waar dat Saul besluit het om Knysna finaal te verlaat. Die rede vir sy besluit was dat ...

A Kate James Stewart se meisie was.
B Freek Terblans vir Oupoot wou skiet.
C sy broers niks met hom te doen wou hê nie.
D hy geen plek kon kry om sy houtbesigheid te begin nie. (1)

1.10 Joram Barnard het nie verstaan waarom Saul wou hê dat hulle goud moes gaan delf nie.

Hou die hele roman in gedagte en sê watter raad jy aan Joram sou gee om hierdie situasie te hanteer. (1)

1.11 Saul was vir 'n paar dae terug in die Bos om na Oupoot te soek.

Waarom kan 'n mens Saul hiervoor bewonder? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

"Om vas te stel watter soort mens die houtkneg geword het?"

"Waarom gooi jy my nou skielik daarmee? Het ék jou houtkneg in my pa se skuur gemaak?"

"Nee."

Klein rooi vlekkies het oor haar wange uitgeslaan. "Toe jy houtkneg vir my pa was, was jy immers vlees en bloed, Saul Barnard, nie 'n koue, ongenaakbare wraaksugtige nie! Toe ... was jy nog 'n mens!"

... "Laat dit dan vir jou 'n troos wees," sê hy vinnig, "dat ek uiteindelik op pad is na daardie skip toe."

***

"... As hulle in minder as drie jaar kon vernietig wat reeds vernietig is, wil ek nie sien wat gebeur as die gebied tot goudveld geproklameer word nie. Ek wil nie hier wees as dáárdie stroom delwers hier aankom nie. Ek gee pad."

***

"Daar is oorlog tussen ons, Saul."

Dit het hom verras en 'n oomblik laat talm voordat hy haar woorde herhaal: "Ja, daar is oorlog tussen ons, Kate. Ek dink dis omdat ons dalk skuldig voel oor die skuur se dae. Ek weet nie."

"Daar is iets wat my nog al die jare hinder," sê sy en kyk nie op nie. "Dis al waaroor ek skuldig voel en miskien sal jy dit nie eers onthou nie."

1.12 Noem DRIE redes waarom dit vir Saul goed was dat hy as houtkneg gaan werk het. (3)

1.13 Saul se pa en broers het hom kwalik geneem omdat hy as houtkneg gaan werk het.

1.13.1 Waarom was dit vir Saul se pa en broers voordelig dat hy 'n houtkneg was? (1)

1.13.2 Waarom het Jozef gedink dat dit niks goeds vir hulle ingehou het dat Saul as houtkneg gewerk het nie? (1)

1.14 "Waarom gooi jy my nou skielik daarmee?" (Reël 2)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Uit hierdie woorde van Kate kan 'n mens aflei dat sy vir Saul ...

A verwyt.
B vergewe.
C verstaan.
D verskoon. (1)

1.15 Wat, het Saul as houtkneg gesê, maak van iemand 'n mens? Noem TWEE feite. (2)

1.16 Lees reël 8 en 9.

Voel jy jammer vir Kate omdat Saul besluit het om eerder pad te gee? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Lees reëls 10 tot 12.

1.17.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Saul se woorde kan ons aflei dat hy besef het dat hy in sy pogings om die Bos te red (misluk/geslaag) het. (1)

1.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.17.1 met nog TWEE feite uit die roman. (2)

1.18 "Dit het hom verras en 'n oomblik laat talm voordat hy haar woorde herhaal: ..." (Reël 14)

Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Saul nie dadelik vir Kate geantwoord het nie? (1)

1.19 "... en miskien sal jy dit nie eers onthou nie." (Reël 18)

Waarom was hierdie woorde van Kate ironies? (1)

1.20 Die verhouding tussen Saul en Kate is een van die storielyne in die roman.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die oorsaak in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.20.1 tot 1.20.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.20.1 | Kate het as kind nie na haar pa geluister nie. | A | Saul het vir Kate gesê dat hy haar liefhet. |
| 1.20.2 | Kate het vir Saul Engels leer praat. | B | Kate se pa wou nie langer met Saul se familie besigheid doen nie. |
| 1.20.3 | Saul en Kate het twee dae lank saam in die Bos deurgebring. | C | Saul kon by Knysna se sosiale kringe inpas. |
| 1.20.4 | Saul het vir Caroline MacDonald beledig toe sy vir hom gesê het dat hy nie goed genoeg vir Kate was nie. | D | Kate het Thompson se hoekerf vir Saul aangebied. |
| | | E | Saul en Kate het elke Sondag saam gekuier. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

... Toe bied 'n vriend van Beyers vir hulle die huis op die berg aan, heeltemal verniet, vir solank as wat hulle dit wil hê.

***

"Ek wonder wanneer kom die queen," mompel Yann 'n uur later met 'n mond vol spek en eiers.

"Sy't mos gesê sy wil nie eet nie," herinner ek hom.

"Nee, ek praat van die ander queen," grinnik hy. "Jou pa."

Ek stik aan 'n stuk roosterbrood.

"My pa is nie 'n queen nie! Jy ken hom nie eens nie!"

"Wel, hy's seker nie 'n groter queen as my ma nie," gee hy toe.

Beyers vat 'n vinnige hap van sy gebakte eier.

***

Teen laatmiddag, toe dit begin skemer word en die reën steeds troosteloos uit die lae wolke sif, besef ek dat hy sy gesonde verstand gebruik het en die besoek afgestel het.

Dis 'n besef wat my ongelooflik verlig laat voel. Dit sou nie gewerk het nie. Twéé queens saam in 'n huis soos hierdie sou 'n katastrofe gewees het.

***

Liewe leser, daar het so baie dinge gebeur die afgelope paar dae dat ek amper van Fabienne vergeet het. Die koms van die reën, die koms van die eerste queen, die koms van die tweede queen. Die reën wat nie wil ophou nie. Steeds nie. En my verjaarsdag, natuurlik.

2.1 Wie se idee was dit om die gesin saam op die wittebrood te neem? (1)

2.2 Hanna se gesin het op Botterberg gaan vakansie hou.

2.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die kinders was teleurgesteld omdat hierdie vakansiehuis (luuks/primitief) was. (1)

2.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.2.1 met TWEE feite. (2)

2.3 "Nee, ek praat van die ander queen," grinnik hy. "Jou pa." (Reël 6)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit die woord "grinnik" kan ons aflei dat Yann met Hanna (simpatiseer/spot). (1)

2.4 Wat kan jy aflei uit Hanna se reaksie toe Yann na haar pa as die "queen" verwys het? (1)

2.5 "Jy ken hom nie eens nie!" (Reël 8)

Waarom is hierdie woorde van Hanna ironies? (1)

2.6 "Wel, hy's seker nie 'n groter queen as my ma nie," gee hy toe. (Reël 9)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

Uit dié woorde van Yann kan ons aflei dat hy ...

A weet wie en wat sy ma is.
B jammer vir sy arme ma voel.
C trots op sy dramatiese ma is.
D bekommerd oor sy ma se veiligheid is. (1)

2.7 Gee TWEE redes waarom dit, volgens Hanna, beter sou wees as Gavin sou besluit om nie te kom nie. (2)

2.8 Voel jy jammer vir Mana dat sy uiteindelik "twéé queens" (reël 15) in haar vakansiehuis moes akkommodeer? Motiveer jou antwoord. (1)

2.9 Die reën het daartoe bygedra dat Hanna en Gavin mekaar beter leer ken het.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

2.10 "Liewe leser, daar het so baie dinge gebeur die afgelope paar dae dat ek amper van Fabienne vergeet het." (Reël 16 en 17)

Wat kan ons uit hierdie woorde van Hanna aflei? (1)

2.11 Noem DRIE presente wat Beyers en die seuns vir Hanna op haar verjaarsdag gegee het. (3)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Gavin gedra hom soos 'n senuweeagtige pa in 'n outydse fliek. Stap heen en weer voor die koolstoof en rook die een sigaret na die ander en vryf verstrooid met sy vingers deur sy hare. Partykeer met die vingers wat die sigaret vashou. Ek hou elke keer asem op en wag dat sy peroksiedstrepe in vlamme gaan uitbars. Tot dusver het ek darem nog net twee keer geskroeide hare geruik.

"Hoekom het ek jou nog nie voorheen sien rook nie?" vra Yann met sy mond so vol pasta dat jy skaars kan uitmaak wat hy sê.

"Ek rook net in noodgevalle," prewel Gavin terwyl hy weer deur sy hare vryf. "Daar was nog nie 'n noodgeval van ek hier aangekom het nie."

"Toe jou kar in die modder vasgeval het?" vra Yann verbaas. "Was dit nie 'n noodgeval nie?"

"Dit was 'n krisis, my engel. Wat ek 'n bietjie oordryf het vir effek. Dit was nie 'n saak van lewe en dood nie."

"Hoe lank gaan dit nog aangaan?" vra Tibo met 'n hoë, skril stem.

"Sjjt," fluister ek. "Ons moenie vir Mana ontstel nie. As sy hoor ons is ontsteld, sal dit …"

***

Terwyl my pa met uitgestrekte arms en rukkende heupe op die kombuistafel dans, sien ek die titel soos in 'n visioen. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom.* 'n *Ware verhaal.*

2.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.12) neer.

Gavin was senuweeagtig en bekommerd omdat …

A hy nie van die berg af kon kom nie.
B hy nie betyds in Johannesburg sou wees nie.
C Mana in ongewone omstandighede moes kraam.
D Margot te laat vir haar afspraak in die Kaap sou wees. (1)

2.13 Wat was Gavin se taak tydens die baba se geboorte? (1)

2.14 Hanna het gesukkel om haar pa te aanvaar.

2.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die keerpunt (*turning point*) in Hanna se verhouding met haar pa was toe (Gavin vir Hanna 'n geskenk saamgebring het/Hanna en Gavin oor haar geboorte gepraat het). (1)

2.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.14.1. (1)

2.15 Noem TWEE maniere waarop Gavin sy aankoms by die vakansiehuis oordryf het. (2)

2.16 Kan 'n mens vir Hanna blameer dat sy aan die begin van die roman negatief teenoor haar pa gevoel het? Motiveer jou antwoord. (1)

2.17 Hanna was nie opgewonde omdat haar pa haar vyftiende verjaarsdag saam met hulle sou vier nie, maar uiteindelik het hy haar verras.

Watter les leer jy hieruit? (1)

2.18 Dink jy Gavin se optrede in reël 17 en 18 was aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

2.19 Hanna is uiteindelik gemotiveer om haar lewensverhaal te skryf.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (2.19.1 tot 2.19.4) neer.

Hanna wou graag stories skryf, want sy het 'n sterk (2.19.1) ... gehad. Haar Afrikaans-onderwyseres, Juffrou (2.19.2) ..., het Hanna se potensiaal raakgesien en was in haar skik met die opstelle wat Hanna geskryf het. Hanna het haar idees om te skryf, met (2.19.3) ... bespreek. Aan die einde het Hanna besluit om 'n boek te publiseer waarin haar lewe in die vorm van 'n (2.19.4) … vertel word. (4)

2.20 Hanna is die hoofkarakter in hierdie roman.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die oorsaak in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.20.1 tot 2.20.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.20.1 | Hanna het van eenvoudige klere gehou. | A | Hanna het vir haar 'n alter ego, Fabienne, geskep. |
| 2.20.2 | Hanna het baie vrae gevra. | B | Hanna se siening oor haar lewe het verander. |
| 2.20.3 | Hanna wou liewer iemand anders wees. | C | Hanna het gevoel sy was 'n teleurstelling vir haar *trendy* pa. |
| 2.20.4 | Hanna het drie weke op Botterberg deurgebring. | D | Hanna was jaloers op Ditjie. |
| | | E | Hanna het die bynaam, Hanna Hoekom, gekry. |

(4 x 1) (4)

2.21 Wat voorspel jy oor Hanna en haar gesin se verhouding as hulle weer terug in die Kaap is? (1)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

... Die orkes speel en die gaste dans op die patio. ... Hy weet meteens nie wat hy hier soek nie. Hy sien vir Emily naby hom verbybeweeg. "Emily!" roep hy sag. "Emily!" Sy hoor hom en kom nader, verbaas om hom te sien. "Schalkie! Wat kruip jy weg? Weet jou pa jy's hier?"

"Ek kom maar net kyk. Jy lyk smart vandag, nè?"

Sy lag. Sy's bly om hom te sien. "Jy's so skaars, Schalkie. Wat kom jy nooit meer hier nie? Ek dink baie dae aan jou ..."

..."Kom uit en kom sit en drink shampyn. ... Hulle sal bly wees om jou te sien."

***

"Ek wil net vir Pa kom sê het ... dit was 'n ongeluk, Pa."

... "Ek weet dit was 'n ongeluk, Schalkie."

"Ek is jammer, Pa."

*Moenie so raas met die karretjies nie! Magtag, ek kan nie oor die foon gepraat kry nie! Stop dit nou!*

*Ek is jammer, Pa!*

*Kan jy nie op 'n ander plek loop speel nie!*

***

"Bly net hier." Sy stem was laag: "Dis beter as ek alleen is." En toe het hy kaalhand aangeloop na die sinkhokkie waar kerslig flou deur 'n skrefie flikker. Met een skop was die sinkdeur van die beteuterde ou geboutjie oop. "Vanaand, Skalla, is dit ek en jy."

3.1 Waarom word daar feesgevier? (1)

3.2 "Schalkie! Wat kruip jy weg?" (Reël 4)

3.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Schalk se optrede wys dat hy (seker was dat/getwyfel het of) die huismense hom wou sien. (1)

3.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.2.1 deur na Schalk en sy broer se verhouding te verwys. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.3) neer.

Emily en Hermanus het van "Schalkie" gepraat omdat hulle ...

A sy klein liggaamsbou raakgesien het.
B gewens het dat hy nog klein was.
C sarkasties wou wees.
D baie lief vir hom was. (1)

3.4 "Kom uit en kom sit en drink shampyn. ... Hulle sal bly wees om jou te sien." (Reël 8)

Waarom is hierdie woorde van Emily ironies? (1)

3.5 Watter ander TWEE vroue, behalwe Emily, was ook vir Schalk 'n ma-figuur nadat sy eie ma hom en sy pa verlaat het? (2)

3.6 "Ek wil net vir Pa kom sê het ... dit was 'n ongeluk, Pa." (Reël 9)

Waarom kan 'n mens sê dat Schalk regtig nie bedoel het om vir Janka te skiet nie? (1)

3.7 Hermanus het rede om oor Schalk se grootwordjare skuldig te voel.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

3.8 Voel jy jammer vir die Blanckenberg-familie na alles wat Schalk aangevang het? Motiveer jou antwoord. (1)

3.9 "Ek weet dit was 'n ongeluk, Schalkie." (Reël 10)

Dink jy hierdie woorde van Hermanus (in antwoord op wat Schalk gesê het) is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

3.10 Wat kan die leser aflei uit die feit dat Jacob ongewapen na Schalk se sinkhokkie gestap het? (1)

3.11 Wie het vir Jacob gaan sê dat Schalk in die sinkhokkie was? (1)

3.12 Schalk het hartseer in baie mense se lewens veroorsaak.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die oorsaak in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.12.1 tot 3.12.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.12.1 | Schalk het Marietjie verkrag. | A | Elsabet het uitgevind dat Fred ontrou was. |
| 3.12.2 | Schalk en Vincent het verkeerde dinge gedoen. | B | Attie het Salamanderbaai verlaat. |
| 3.12.3 | Schalk het 'n onwettige kreefbesigheid gehad. | C | Ryna het haar man en kind verloor. |
| 3.12.4 | Schalk het Jackie Stevens se telefoonnommer in die hande gekry. | D | Jacob het op Meeuland gaan treur. |
| | | E | Matthys Langhans moes tronk toe gaan. |

(4 x 1) (4)

**EN**

**TEKS F**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die worsteling het begin: lyf aan lyf op die vloer, uit, op die sand en rotse, tot op die naaste jettie, met die swart rivier nagdonker rondom hulle. Tussen toue en planke en bondels visnet deur het hulle mekaar verwoed getakel en Jacob het nie voor Skalla gewyk nie. Hy was die dier wat die wraak tot die dood toe sou volvoer.

***

"Gaan bel die polisie," het Jacob sag beveel.

Die blou lig van die voertuig het oor sy gesig geflikker en sy oë was donker. Hy't nie gepraat nie. Hy het net daar gestaan, snaarstyf, die onstuimige dier met die stryd in sy oë nog nie uitgewoed nie.

Fred en Hermanus het gekom. Hermanus het by Skalla gekniel en met 'n rou stem sy kind geroep. "Schalkie, Schalkie!"

Maar Skalla was nie meer nie.

Vir 'n oomblik het Fred en Jacob in mekaar se oë gekyk.

En toe het die boeie om Jacob se polse vasgeklik. En hy het hom gewillig laat weglei.

SALAMANDERBAAI, SONDAGOGGEND, 24 FEBRUARIE 1985, 2.00 VM

*Jacob ... Jacob!*

***

SALAMANDERBAAI, MAMA-MEEU. MAANDAGAAND, 25 FEBRUARIE 1985

*Ek is bang; ek is stukkend. Ek voel veronreg. Ek weet nie of Ousanna se woorde ooit sal waar word toe sy gesê het ek sal eendag hier woon saam met die man wat ek liefhet nie.*

3.13 Schalk het in die sinkhuisie vir die polisie weggekruip.

3.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jacob was dom om alleen na die sinkhokkie toe te gaan, want hy moes geweet het dat Schalk (voorbereid/onvoorbereid) sou wees om homself te verdedig. (1)

3.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.13.1 met TWEE feite. (2)

3.14 Jacob het verkeerd opgetree nadat hy gehoor het dat Schalk in die sinkhokkie was. Watter raad sou jy vir Jacob gee oor hoe hy eerder moes optree? (1)

3.15 Gee TWEE redes waarom dit beter was dat Jacob van die begin af skuld vir Schalk se dood erken het. (2)

3.16 Noem DRIE maniere waarop Fred vir Jacob probeer help het nadat hy in hegtenis geneem is. (3)

3.17 Schalk se dood het gevolge gehad.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (3.17.1 tot 3.17.4) neer.

(3.17.1) ... beland in die hospitaal. (3.17.2) .... vertel vir Fred die waarheid oor sy en Kinnie se kind. Nadat Jacob Fred se hulp vir die hofsaak aanvaar het, maak Fred en Jacob (3.17.3) ... met mekaar. Jacob kry uiteindelik (3.17.4) ... jaar tronkstraf. (4)

3.18 Jacob het gesukkel om negatiewe ervarings in sy lewe te verwerk.

Watter les kan 'n mens hieruit leer? (1)

3.19 "SALAMANDERBAAI, SONDAGOGGEND, 24 FEBRUARIE 1985, 2.00 VM"

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die dagboekinskrywing is om 2.00 vm gemaak. Hieruit kan ons aflei dat Ryna (bekommerd oor Jacob/hartseer oor Schalk) was. (1)

3.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.20) neer.

Die enigste twee woorde in die dagboekinskrywing van 24 Februarie 1985 is: "Jacob ... Jacob!" (Reël 17)

Dit beklemtoon dat Ryna ...

A nie geweet het hoe om Jacob met sy probleme te help nie.
B vir Schalk kwaad was omdat hy Jacob se lewe vernietig het.
C tevrede was dat die konflik tussen Schalk en Jacob opgelos is.
D ontevrede was dat Daniël vir Jacob by Schalk se dood betrek het. (1)

3.21 Waarom kan 'n mens nie vir Ryna blameer dat sy twyfel of sy en Jacob ooit saam sal kan wees nie? (1)
**[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Sy wens Braam was hier. Sy mis iemand, 'n ander asem, iemand om mee oor haar dag by Creations te gesels. Iemand om mee uit te hang, iemand om mee te lag en sommer net simpel te wees. Sy wonder of sy dit nog sal kan doen, simpel wees.

Sy wonder wat van haar vriende uit haar vorige lewe geword het. Sou iemand nog partykeer aan haar dink? Sy twyfel. Die lewe gaan aan en die arme Lien Jooste is nou nie meer deel van die *scenery* nie.

Sy oorweeg om vir Wouter te bel en net 'n bietjie te gesels, maar sy besluit daarteen. Hy kuier seker saam met die krieketpels ná die wedstryd, of erger, saam met sy nuwe vriendinne, ... Miskien moet sy by tannie Bets gaan kuier. Maar miskien ook nie.

Die woonstel druk haar vas. Sy gaan staan op die stoep en kyk na die liggies onder in die dal. So baie dinge het die afgelope twee jaar verander. Sy moet haar partymaal knyp om te voel of sy nog sy is. Dis *scary*.

Sy sluit die deur en maak vir haar koffie. Sy gaan sit in haar kamer met haar oorfone en Norah se geselskap.

*But if we stick together*
*Then I know we'll be OK*

4.1 "Sy wens Braam was hier." (Reël 1)

4.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie aanhaling kan 'n mens aflei dat Braam dikwels nie by die woonstel was nie. Die rede hiervoor was dat (die woonstel te klein was/dit lekkerder by Deon se huis was). (1)

4.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.1.1 met TWEE feite uit die roman. (2)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2) neer.

"Sy mis iemand, 'n ander asem, ... " (Reël 1)

Uit hierdie woorde kan ons aflei dat Lien … gevoel het, al was haar ma ook in die woonstel.

A siek
B kwaad
C eensaam
D gefrustreerd (1)

4.3 Waarom kon Lien nie met haar ma gesels nie? (1)

4.4 Noem DRIE van Lien se take by Millennium Creations. (3)

4.5 Volgens reël 7 besef Lien dat sy "nou nie meer deel van die *scenery*" is nie.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

4.6 Lien en Wouter was al twee nuut by Hoërskool Jakaranda.

4.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien was (opgewonde/ontsteld) oor Wouter se vriendskap met Riekie en Sanet. (1)

4.6.2 Noem EEN rede waarom Lien só oor Wouter se vriendskap met die meisies gevoel het. (1)

4.7 Die Joostes het geld nodig gehad en Lien het besef sy sou moes inspring en geld verdien.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (4.7.1 tot 4.7.4) neer.

Lien se eerste werk was in 'n (4.7.1) ... wat aan tant Malie behoort het. Millennium Creations, haar tweede werk, was 'n (4.7.2) ... en Dirkie en Donovan was die eienaars. Hulle het verder gehelp met 'n (4.7.3) ... vir Braam-hulle se krieketspan. As laaste uitweg het Lien besluit om op die straathoek te gaan staan en (4.7.4) ... (4)

4.8 Lien het soms van die skool af weggebly. Dink jy sy het die regte ding gedoen? Motiveer jou antwoord. (1)

4.9 Lees reël 17 en 18.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit die einde van die roman kan ons aflei dat hierdie woorde van Norah Jones die (beste/verkeerde) raad vir die Jooste-gesin was. (1)

**EN**

**TEKS H**

Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.

***

Tog is daar iets in sy oë wat sy onthou. Haar rapport is in sy hande. Lien, jy gaan nog eendag saam met my in die praktyk werk. Jooste en Jooste. Ernstig, asof hy dit nie sommer net sê nie.

Hulle kyk net vir mekaar, hoe lank weet Lien nie. Dis asof tyd gaan stilstaan het.

***

"Gaan dit goed met julle, my kind?"

Sy knik voordat sy besef wat sy doen.

***

"Dinge gebeur. Ek het gedink ek is die slimste en sterkste mens onder die son. Daar was versoekings … Ek was gulsig." Hy lyk verleë.

"En al die geld wat julle gevat het?"

Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek. Ná 'n rukkie sê hy: "Ons het 'n klomp in die buiteland belê, maar dit was 'n flop. Die *scheme was dodgy* en ons het baie verloor. Die res het ons uitgegee en die ander moes ons terugbetaal. Jy weet mos … "

Hy bly 'n rukkie stil.

"Ek praat baie met jou. In my kop. Elke dag. Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor ..."

Lien byt op haar onderlip.

4.10 Vir wie het Lien besoek voordat sy vir haar pa gaan kuier het? (1)

4.11 Noem TWEE veranderinge wat Lien by haar pa raakgesien het. (2)

4.12 "Gaan dit goed met julle, my kind?" (Reël 7)

Waarom is Lien se pa se woorde ironies? (1)

4.13 "Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek." (Reël 12)

Wat kan 'n mens uit Lien se pa se ongemak aflei? (1)

4.14 Gee TWEE redes waarom dit goed was dat Lien se pa al haar vrae eerlik beantwoord het. (2)

4.15 "Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor ..." (Reël 17 en 18)

Wat lei jy af uit hierdie woorde van Lien se pa? (1)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.16) neer.

Uit die slot van die verhaal kan ons aflei dat Lien haar pa … het.

A verwyt
B gehaat
C vergewe
D bewonder (1)

4.17 Wat voorspel jy vir Lien en haar pa se verhouding in die toekoms? Hou die hele roman in gedagte. (1)

4.18 Dink jy dit is reg dat Lien se pa wou hê dat sy ook 'n prokureur moes word? Motiveer jou antwoord. (1)

4.19 Watter les leer jy uit die fout wat Lien se pa in die tronk laat beland het? (1)

4.20 Waarom kan 'n mens vir Lien 'n omgee-mens noem? (1)

4.21 Verskillende mense het Lien se lewe positief of negatief beïnvloed.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die oorsaak in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.21.1 tot 4.21.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.21.1 | Sally het vir Lien in die skool se kleedkamer voorgekeer. | A | Lien het opgehou om te bedel. |
| 4.21.2 | Juffrou Breytenbach het vir Lien vir 'n oudisie genooi. | B | Lien was skaam om te hoor dat haar ma vir diefstal gevang is. |
| 4.21.3 | Lien se ma het haar werk verloor. | C | Lien het gehoor dat haar ma se drankprobleem nie haar skuld was nie. |
| 4.21.4 | Kuifie het vir Lien op straat herken. | D | Lien het besluit om drama te gaan studeer. |
| | | E | Lien het in tant Malie se koffiewinkel gaan werk. |

(4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

MAMA (*roep by die kombuisdeur*). Skoonseun! (*Draai om na Poppie.*) Hy wag al vir jou vandat hy uit die werk gekom het.

***

MAMA. Hauk! Wat het jy dan nou teen Mosie?
POPPIE. ... Ek het kos saamgebring, Mama. Die brood wat al hard is, kan die kinders in die koffie sagmaak. Die ou man wat in die tuin werk, het vir my die paar uie en aartappels saamgegee.

***

POPPIE. En hoe lank sal dit nog vat ...
STONE. Hoe lank sal dit vat as ek nie kontrak gevat het nie?

***

POPPIE. Die grootste ding was die extension! Nè, Mama?
MAMA. Ehwe.
POPPIE. Dis die toelaat dat jy hier kan bly of kan werk. *(Sy gaan sit op vloer langs Stone en Mosie.)*
MAMA. Ja, as jy nie die reg het om hier te bly nie, al het jy die boekie, dan help dit jou niks ...

***

MAMA. Dan moet jy sorg dat jy werk kry. As jy werk het, kan hulle jou nie wegstuur nie. Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas.
POPPIE. Nee, Mama – Katie moet nie haar skool verloor nie. Ek sal maar self regkom.
HOEDJIE. Sy het by Mrs Scobie in Rondebossie gaan werk vir agt pond in die maand.
MAMA. Maar die werk by Mrs Scobie was ongemaklik.

***

STONE. Wat gaan met jou aan as ek hier binne is? Hoekom is jy so laat? *(Hy begin huil uit swakte.)*

5.1 Waar was die melkery ("dairy") waar Stone gewerk het? (1)

5.2 Waarom kan 'n mens vir Stone bewonder dat hy die werk by die melkery aanvaar het? (1)

5.3 'n Mens kan verstaan waarom Poppie jaloers op haar broers was.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

5.4 "En hoe lank sal dit nog vat ..." (Reël 7)

5.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie woorde van Poppie kan 'n mens aflei dat sy (ongeduldig/tevrede) was om so lank vir 'n eie huis te wag. (1)

5.4.2 Motiveer waarom Poppie rede gehad het om so te voel. (1)

5.5 Waarom moes Poppie, volgens die wet, 'n pas hê om in die Kaap te kon woon of werk? (1)

5.6 "Ek sal maar self regkom." (Reël 17 en 18)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie woorde kan 'n mens aflei dat Poppie 'n baie (onafhanklike/arrogante) vrou was. (1)

5.7 "Maar die werk by Mrs Scobie was ongemaklik." (Reël 21)

Gee DRIE redes waarom Poppie hierdie werk uiteindelik gelos het. (3)

5.8 "*(Hy begin huil uit swakte.)*" (Reël 23)

Dink jy 'n mens kan vir Stone blameer dat hy so reageer het? Motiveer jou antwoord. (1)

5.9 Daar was baie onstabiliteit in Poppie se lewe.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (5.9.1 tot 5.9.4) neer.

Poppie het by ouma Hannie gaan bly nadat hulle (5.9.1) ... hulle verlaat het. Later moes Poppie (5.9.2) ... verlaat om Ma Lena se kinders te gaan oppas. As getroude vrou moes Poppie (5.9.3) ... verlaat nadat die polisie hulle huise afgebrand het. Toe Poppie in Jakkalsvlei gewoon het, was dit Mr (5.9.4) ... wat voorgestel het dat sy Mdantsane toe moes gaan. (4)

5.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.10) neer.

Toe Poppie Mdantsane toe moes gaan, was een van haar voorwaardes dat sy 'n huis moes hê, want sy wou ...

A sekuriteit vir haar en haar kinders hê.
B seker maak dat Stone by hulle sou kom kuier.
C by haar skoonouers spog met haar nuwe huis.
D 'n plek hê waar Mama Lena by haar kon kom bly. (1)

5.11 Poppie het eers in die Kaap gebly en toe is sy Mdantsane toe.

Waar, dink jy, het Poppie die swaarste gekry? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

PASBEAMPTE. Ons wil jou Ciskei toe stuur, na jou skoonmense toe.

***

POPPIE (*aan Stone*). Ek is nou net mooi moeg. Ek kan dit nie meer staan nie. Ek voel ek kan dit nie meer hou nie, ek moet liewerste weggaan. Ek kan nie meer praat nie. As daar op 'n ander plek lewe is, sal ek daar gaan lewe. Dis nie jy wat die op en af loop moet doen nie, ...

***

STONE. Dan is dit die beste dat jy vroeg in die nuwe jaar weggaan. Lat die kinders kan vol jaar skool kry. *(Praat stadig. Loop stadig weg.)*
MOSIE. Op die sewende Januarie het die kantoor hulle laat weet: Ons het 'n huis vir jou in Mdantsane.
POPPIE. My man het in 'n steenhuis in die bachelor-quarters gaan bly.

***

BONSILE. Daar's nie rede waarom ek moet weggaan nie. Ek sal by my pa bly.

***

POPPIE. Waar dink jy gaan jy bly? ...
BONSILE. By my pa.
POPPIE. ... (*Pouse.*) Ek is moeg. Ek gaan nie weer kantoor toe om te vra: laat my kind hier bly ... nie. As ek moet swaar kry, hoekom nie my kind nie?
MOSIE. Vier weke later is hulle met die trein weg.

***

*"Lied van die trein"; Poppie beweeg in kollig weg van familie.*

MOSIE. ... Sy het gereeld briewe gekry van die Kaap en tata-ka-Bonsile het geld gestuur. Hy het nooit oorgeslaan nie, ...

Kopiereg voorbehou

5.12 Gee TWEE redes waarom Poppie nie na haar skoonmense toe wil gaan nie. (2)

5.13 "*(Praat stadig. Loop stadig weg.)*" (Reël 7)

Wat kan 'n mens uit hierdie toneelaanwysings aflei oor hoe Stone op hierdie stadium gevoel het? (1)

5.14 Plank het aangebied dat Bonsile by hom in die Kaap kon agterbly.

5.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Poppie het (van hierdie voorstel gehou/nie van hierdie voorstel gehou nie). (1)

5.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.14.1 met TWEE feite. (2)

5.15 Motiveer met TWEE feite waarom dit goed vir Stone sou gewees het as hy saam Mdantsane toe gegaan het. (2)

5.16 Watter raad sal jy vir Bonsile gee oor hoe hy as oudste seun in Mdantsane moes optree? (1)

5.17 *" 'Lied van die trein'; Poppie beweeg in kollig weg van familie*." (Reël 19)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.17) neer.

Die funksie van hierdie spesifieke neweteks sluit aan by die feit dat Poppie ...

A die *Lied van die trein* vir die gehoor gesing het.
B en Stone se verhouding versleg het.
C haar familie agtergelaat het.
D tevrede was om weg te trek. (1)

5.18 Het Poppie uiteindelik die regte besluit geneem om Mdantsane toe te gaan? Motiveer jou antwoord. (1)

5.19 Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Stone gereeld vir Poppie briewe gestuur het? (1)

5.20 "... en tata-ka-Bonsile het geld gestuur. Hy het nooit oorgeslaan nie, ... " (Reël 20–21)

Waarom is dit ironies? (1)

5.21 In hierdie drama word Poppie se lewe uitgebeeld.

Kies die struktuurelement uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.21.1 tot 5.21.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.21.1 | Poppie besef sy kan haar kinders nie vir altyd beskerm nie. | A | hoogtepunt |
| | | B | eksposisie |
| 5.21.2 | Poppie trou met Stone. | C | ontknoping |
| 5.21.3 | Poppie sukkel om stabiliteit vir haar en haar kinders te kry. | D | motoriese moment |
| 5.21.4 | Vukile sterf. | E | verwikkeling |

(4 x 1) (4)
**[35]**

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

Deur die middel van hierdie landskap loop 'n grondpad en 'n spoorlyn, en langs die spoorlyn is 'n spoorweghalte. … Dis die soort plek waar treine nie stop nie.

***

2. Hendrik en Katrien se slaapkamer. Die eerste oggendlig val deur die venster. Katrien klim uit haar enkelbed en maak klein Willem toe wat in dieselfde bed lê.

***

5. ... Emma lê met haar rug na Katrien toe en dit lyk of sy slaap. Katrien maak haar nie wakker nie. Sy sit haar koffie en drink terwyl sy by die venster uitkyk.

***

10. Katrien staan steeds buite by die wasgoeddraad en kyk hoe die laaste kompartemente verbygaan. Haar oë volg die kondukteurswa. Sy staan en kyk hoe die trein wegraak. Eers dan, ná nog 'n paar tellings, draai sy om en loop die huis in. Maar haar kop is by die trein.

***

KATRIEN: Waarheen gaan jy?
EMMA: Loop.
KATRIEN: Waarnatoe?
EMMA: Sommer net.

***

13. Hendrik staan op die stasieperron en kyk hoe Frans wegry.

***

26. Dis vroegdag. Die stasie en die werf is net-net lig. ... Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: 'n trein.

***

27. Hendrik sit in sy kantoor agter sy tafeltjie by die telefoon – en nou bulder hy in die spreekbuis in.

HENDRIK: ... Hoe kan jy nou so iets vra – ek is mos nie mal, man. Kom kyk self as jy my nie wil glo nie!

6.1 In watter deel van ons land speel hierdie drama af? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2) neer.

Die openingstoneel van 'n drama is baie belangrik. In hierdie drama skep dit van die begin af 'n gevoel van ...

A opgewondenheid.
B eensaamheid.
C optimisme.
D woede. (1)

6.3 Lees reëls 3 tot 14.

6.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie reëls is dit dadelik duidelik dat die atmosfeer in die McDonald-gesin (vrolik/gespanne) was. (1)

6.3.2 Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

6.4 "Maar haar kop is by die trein." (Reël 10)

Waarom kan 'n mens verstaan dat Katrien oor die trein bly dink? (1)

6.5 "Hendrik staan op die stasieperron en kyk hoe Frans wegry." (Reël 15)

Hendrik het rede gehad om op Frans jaloers te wees.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

6.6 Hendrik was jaloers op Katrien. Gee nog TWEE redes waarom Katrien en Hendrik 'n ongelukkige verhouding gehad het. (2)

6.7 Hoe beïnvloed Hendrik en Katrien se ongelukkige huwelik Emma se siening oor die huwelik? (1)

6.8 Hoe verskil hierdie sirkustrein (reël 17) wat op die stasie aankom van die ander treine? (1)

6.9 Lees reëls 18 tot 21.

Waarom kan 'n mens nie vir Hendrik blameer dat hy só reageer nie? (1)

6.10 Willem en sy gesin se lewe het aan die einde van die drama verander.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (6.10.1 tot 6.10.4) neer.

(6.10.1) ... het gesê dat Willem nie praat nie omdat hy aan 'n angstoestand ly. Toe (6.10.2) ... in Willem se lewe gekom het, het dinge verander. Die McDonalds het die nar versorg nadat (6.10.3) ... hom geskiet het. Na die gebeure by die (6.10.4) ... het baie van die dorpsmense met die McDonalds kom vrede maak. (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

HENDRIK: Skiet een skoot. Skiet een skoot en kyk wat gebeur! (*Maar niemand hoor hom nie.*) Skiet net een skoot!

***

HENDRIK: Jy moet regkom, jong, dat jy vir ons kan trieks wys. Hoe lyk dit – jy wil nie dalk vir ons 'n paar tienrandnote uit jou naeltjie uitryg nie?
KATRIEN: Hendrik, gedra vir jou!
HENDRIK: Wat?

Maar hy knipoog vir Willem.

***

Hendrik kyk vir Jan Mol. Dan gooi hy vir hom die geweer.
HENDRIK: Dè, vat julle speelgoed.
Hy buk en tel Manuel op.

***

130. Manuel sit in 'n stoel. Hy het gewone klere aan. Sy arm is in 'n slingerverband. Willem het ander klere aan: dit is dus beslis 'n ander dag. Emma speel een van Hendrik se geliefkoosde liedjies. Katrien neurie ook 'n bietjie saam. En Willem en Manuel geniet dit baie.

***

133. Katrien is in die voorhuis waar Emma sit en speel. Manuel het sy konsertina op sy skoot en hy soek note om in te pas by Emma se musiek. Sy speel vlot en korrek.
Katrien geniet dit.

KATRIEN: Ek weet nie of jy die regte ding doen nie, Manuel. Jy's nog ver van gesond af.
HENDRIK: Hy't miere, dis wat hy het. Of wat sê jy, Willem?

***

MANUEL (*ruk homself oombliklik reg*): Julle was baie goed vir my.
HENDRIK: Wat praat jy nou? Jy't hierdie kind se tong weer losgeknoop!

6.11 "HENDRIK: Skiet een skoot. Skiet een skoot en kyk wat gebeur! (*Maar niemand hoor hom nie.*) Skiet net een skoot!" (Reël 1 en 2)

Waarom is Hendrik se woorde ironies? (1)

6.12 Lees reëls 8 tot 10.

Watter verandering in Hendrik se houding kan ons hieruit aflei? (1)

6.13 Lees reëls 3 tot 13.

6.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ons kan aflei dat daar nou weer (konflik/harmonie) in die huis is. (1)

6.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.13.1. (1)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit Katrien se woorde in reël 19 en 20 kan 'n mens aflei dat sy (bekommerd oor/onsimpatiek teenoor) die nar is. (1)

6.15 Noem DRIE maniere waarop die dorpsmense gewys het dat hulle nie van die nar hou nie. (3)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.16) neer.

"MANUEL *(ruk homself oombliklik reg)*" (Reël 22)

Die funksie van die neweteks in hierdie aanhaling is om aan te dui dat Manuel …

A nie sy hartseer wou wys nie.
B gereed gemaak het om weg te gaan.
C geskok was dat Willem hom wou help.
D nie gewoond was daaraan dat mense vir hom goed was nie. (1)

6.17 Gee TWEE redes waarom dit beter was dat Willem nie aan die begin vir sy gesin van die nar vertel het nie. (2)

6.18 Aan die einde van die drama is die verhouding tussen Hendrik en Katrien herstel.

Wat voorspel jy vir Hendrik se loopbaan as stasiemeester? Hou die hele drama in gedagte. (1)

6.19 Waarom kan 'n mens vir Manuel 'n omgee-mens noem? (1)

6.20 Watter raad sal jy aan die McDonalds gee om te kan voortbou op die herstelde verhoudings tussen hulle? (1)

6.21 Hierdie drama beeld die lewe van die McDonalds uit.

Kies die struktuurelement in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die antwoord (A–E) langs die vraagnommers (6.21.1 tot 6.21.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.21.1 Die verhoudings binne die gesinsverband is herstel. | A hoogtepunt |
| 6.21.2 Die sirkustrein kom op die stasie aan. | B eksposisie |
| 6.21.3 Die McDonalds word deur die dorpsmense verneder. | C ontknoping |
| 6.21.4 Willem en die nar word goeie maats. | D motoriese moment |
| | E verwikkeling |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

BARTA *kom soos 'n gedaante deur die mis aan.*
BARTA: Elias?
ELIAS: Wat is dit nou weer, vrou? Kan julle nie sien ek is besig nie?
BARTA: Was die kind nie hier by jou nie?
ELIAS: Ek het jou mos gesê hy was nie hier nie.

***

*(... MAGISTRAAT roep KONSTABEL. Gee hom opdrag. KONSTABEL laat mense van die verhoog gaan.)* Seun ... begryp jy wat so pas hier gebeur het?

***

MAGISTRAAT *(kom staan reg voor hom)*: Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe.

***

ELIAS: ... Wat is alles in die trommel?
LUKAS: My goed.

***

ELIAS *sit die trommel op 'n boomstomp neer en hy en* BARTA *gaan sit.*

***

LUKAS: Ek was nie met 'n skip weg nie, Ma, ek was Lange Kloof toe. *(Sien hoe die skrik in haar hande kom.)*
BARTA: Lange Kloof? Wag, ek ...
LUKAS: Daar is iets wat ek van Ma wil weet. Nee, Ma, jy gaan nie wegkom nie.
BARTA: Ek dink ek het jou pa hoor roep, Lukas. Los my arm, Lukas, wat is dit nou met jou?
LUKAS: Pa kan wag. Ek het lank tot hier toe gewag en Ma gaan my in die oë kyk en Ma gaan vir my sê of ek jou kind is of nie.

***

LUKAS *(op band)*: ... Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor.

7.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.1) neer.

"BARTA *kom soos 'n gedaante deur die mis aan.*" (Reël 1)

Die funksie van die mis in hierdie toneel is om …

A die gehoor by die gebeure te betrek.
B die karakters te help identifiseer.
C 'n somber ("gloomy") atmosfeer te skep.
D agtergrondinligting te gee. (1)

7.2 Wie was die magistraat wat besluit het dat Benjamin die Van Rooyens se seun was? (1)

7.3 Fiela het vir Benjamin voorberei op moontlike vrae wat hulle vir hom in die hof kon vra. Noem DRIE van hierdie vrae. (3)

7.4 Lukas is saam met Elias en Barta van Rooyen huis toe.

7.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Barta was van die begin af (besorgd oor/ongeduldig met) Lukas. (1)

7.4.2 Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As Lukas se lewe by die Van Rooyens met Benjamin se lewe saam met Fiela-hulle vergelyk word, sien jy dadelik dat dit (dieselfde/anders) is. (1)

7.6 "BARTA: Lange Kloof? Wag, ek ... " (Reël 15)

Wat kan ons uit hierdie skokreaksie van Barta aflei? (1)

7.7 Gee TWEE redes waarom dit vir Lukas goed sou wees as Barta vir hom die waarheid omtrent sy identiteit vertel het. (2)

7.8 "Een man se wil. Een man se mag." (Reël 21)

Watter les oor mag kan ons uit hierdie situasie leer? (1)

7.9 "Ek kan hom met my kaal hande vermoor." (Reël 21 en 22)

Waarom kan 'n mens Lukas nie blameer dat hy hier so kwaad is nie? (1)

7.10 Die feit dat Barta van Rooyen haar in die hof laat manipuleer het, het Lukas se hele lewe verander.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (7.10.1 tot 7.10.4) neer.

Barta was haar hele lewe deur gewoond daaraan dat haar man, (7.10.1) ..., vir haar voorgeskryf het wat om te doen. Daarom het sy haar die dag in die hof ook maklik deur die sensusman laat voorsê om die seuntjie met die (7.10.2) ... hempie te kies. Die direkte gevolg hiervan was dat (7.10.3) ... toe Lukas geword het. Die seun wat op (7.10.4) ... grootgeword het, moes skielik saam met wildvreemde mense in die Bos gaan woon. (4)

**EN**

**TEKS N**

SELLING: Maar Fiela ...
FIELA: Stil. Skryf vir hom Ma sê dit lê donker in Ma se gemoed oor hom. Ons het nie van hom gehoor nie. As dit goed gaan en hy's gesond, is alles reg, maar as dinge vir hom verkeerd loop staan bodder het, moet hy skryf wat meer as bid ons vir hom kan doen. Sê vir hom Ma sê ...
KITTIE: Stadig, Ma.
FIELA: Skryf vir hom Ma sê: Om te gaan lê is een ding en om weer op te kom 'n ander. Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ...

***

FIELA: Laat jou pa nou eers sê.

***

FIELA: End nou af en sê Ma sê groete ...

***

LUKAS: ... En ek sal van hier af bekend staan as Benjamin Komoetie. Dis nie 'n nuwe naam nie, dis my ou naam. Daarby sal ek net kan uithelp tot Kaliel weer reg is om sy spaan te vat, dan gaan ek terug Lange Kloof toe. Na my mense toe.
BENN: Jy *is* beter. Jy bly nog 'n raaisel, maar jy's die man wat ek in jou gesoek het – Komoetie, het jy gesê?
LUKAS: Ja.
BENN: Dis 'n eerbare naam, 'n ou Hottentotnaam.
LUKAS: Dis reg.
BENN: Loop sê vir Joop Stoep jy's terug.
LUKAS: Joop Stoep sal vandag ook nog vir my moet instaan, *mister* Benn. Ek moet na *miss* Weatherbury se huis toe gaan.

7.11 "Skryf vir hom ... " (Reëls 1 tot 8)

7.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat die inhoud van die brief bedoel was om vir Benjamin (goed/hartseer) te laat voel. (1)

7.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.11.1 met EEN feit. (1)

7.12 "Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ..." (Reël 8 en 9)

Fiela het hierdie raad wat sy vir Benjamin gegee het, ook in haar eie lewe toegepas.

Gee TWEE feite as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

7.13 Noem TWEE dinge wat Selling vir Benjamin in die brief wou sê. (2)

7.14 Vir wie het Fiela groete gestuur? (1)

7.15 Lees reëls 1 tot 11.

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

Die feit dat Fiela die heeltyd vir Kittie instruksies gee, beklemtoon dat Fiela …

A vir Benjamin wil oortuig om huis toe te kom.
B ernstig is om haar standpunt oor te dra.
C vir Benjamin nog as 'n kind beskou.
D wil keer dat die brief te dik is. (1)

7.16 Waarom kan jy saamstem met die raad wat Fiela vir Benjamin in reëls 7 tot 9 gegee het? (1)

7.17 "Ek moet na *miss* Weatherbury se huis toe gaan." (Reël 21 en 22)

Wat kan 'n mens hieruit aflei? (1)

7.18 In hierdie drama lees ons van Benjamin/Lukas se soeke na sy identiteit.

Kies die struktuurelement in KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.18.1 tot 7.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.18.1 | Lukas kies om Fiela Komoetie se kind te wees. | A | hoogtepunt |
| 7.18.2 | Benjamin wonder die hele tyd wie hy regtig is. | B | eksposisie |
| 7.18.3 | Barta vertel die waarheid oor Lukas. | C | ontknoping |
| 7.18.4 | Die sensusmanne sien vir Benjamin by die Komoeties. | D | motoriese moment |
| | | E | verwikkeling |

(4 x 1) (4)

7.19 Omdat Benjamin 'n wit kind was, het die sensusman gedink Benjamin sou beter af wees by die Van Rooyens.

Waarom is dit ironies? (1)

7.20 " ... dan gaan ek terug Lange Kloof toe." (Reël 14)

Wat voorspel jy gaan met Benjamin gebeur as hy terugkeer Lange Kloof toe? Hou die hele drama in gedagte. (1)

7.21 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lukas as jong man weer sy naam verander na die naam wat hy as kind gehad het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "VEGVLIEËNIER VIVIAN" – Francois Geringer

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

Die vyf loodse draf met strak gesigte na die Mirages wat netjies langs mekaar aan die kant van die teerblad staan. Voor draf ...

***

Vivian se oë flits van die een meter na die ander terwyl sy die lesings hardop sê, want dit het tweede natuur geword as gevolg van die strawwe en deeglike kursusse wat van haar 'n vegvlieënier gemaak het.

Met die nagaan van die laaste meter, kom haar eskaderleier se stem duidelik oor haar oorfone.

***

Sy kyk na haar instrumentpaneel: "Maksimum grondspoed," prewel sy en trek die stuurstang stadig terug. Sy voel hoe sy en haar metaalvriend wegskeur uit die aantrekkingskrag van die aarde. Die wonderlike gevoel daaraan verbonde ontbreek egter hierdie keer. "Seker die opdrag en my kollegas se negatiewe houding wat daarvoor verantwoordelik is," dink sy ...

***

"Ja, Kaptein, ek verstaan u instruksies," sê sy terwyl sy voel hoe die adrenalien in haar bloedstroom losgelaat word. "Hier is die oomblik van waarheid nou!" maal dit onwillekeurig deur haar gedagtes.

***

"Basta! Ek het klaar gepraat!" kap sy stem terug na haar. Iemand lag sag in sy mikrofoon ...

***

Vivian kyk na haar leier en sy sien hoe hy met nuwe oë na haar kyk. Dan salueer hy haar met die regterhand teen sy helm en laat terselfdertyd die linkervlerk van die vliegtuig sak, net om dit weer onmiddellik horisontaal te lig.

8.1.1 Wie was die eskaderleier? (1)

8.1.2 Die generaal het Vivian gewaarsku dat die basiese opleiding baie moeilik sou wees.

(a) Hoe het Vivian die manstudente ondersteun? (1)

(b) Hoe het die manstudente vir Vivian ondersteun? (1)

8.1.3 Vivian se opleiding het nie altyd glad verloop nie.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die Raad vir finale keuring was nie seker of Vivian die (sielkundige toetse/fisieke opleidingsprogram) sou slaag nie. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.3(a) met TWEE feite. (2)

8.1.4 In reël 9 verwys Vivian na die vegvliegtuig as haar "metaalvriend".

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hieruit kan ons aflei dat Vivian (seker/onseker) was wat om in die vliegtuig te doen. (1)

8.1.5 Wat het Vivian se kollegas die oggend voor die geveg gedoen wat haar laat voel het dat hulle negatief teenoor haar was? (1)

8.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.6) neer.

Vivian praat die hele tyd met haarself. Dit is effektief, want ...

A dan voel sy nie alleen nie.
B dit wys hoe sy van die ander karakters verskil.
C so weet die leser wat sy as hoofkarakter dink en voel.
D dit voorkom dat daar te veel en lang beskrywings in die verhaal is. (1)

8.1.7 Vivian se kollegas was aan die begin negatief teenoor haar. Noem TWEE redes waarom hulle optrede ná die geveg beter was. (2)

8.1.8 Vivian het haarself in 'n tradisionele manswêreld bewys.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (8.1.8(a) tot 8.1.8(d)) neer.

Anders as wat Vivian se jeugvriend, (a) ... , gedink het, het sy as vrou tog 'n volwaardige vegvlieënier geword. Na die geveg met die vyandelike Migs, was Sydney die eerste om met sy (b) ... in die lug te wys dat hy dink sy het haar werk goed gedoen. As beginner moes Vivian na die geveg die tradisie van 'n (c) ... deurgaan. Die vlerksaluut wat die kaptein vir Vivian gegee het, was die hoogste (d) ... wat vir 'n vegvlieënier gegee kan word. (4)

8.1.9 Waarom kan 'n mens die eskaderleier bewonder dat hy Vivian aan die einde van die geveg gesalueer het? (1)

8.1.10 Watter boodskap hou hierdie verhaal vir vroue in wat onseker is of hulle mansberoepe kan beoefen? (1)

**EN**

8.2 **"DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – Deon Meyer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Oor koffie het ek hom uitgevra. Hy was twintig jaar oud, van Mpumalanga, sy ma was 'n beesboer naby Amersfoort, van sy pa het hy niks gesê nie.

***

Cybelene het daardie aand saam met my uitgestap. By my motor het sy gesê: "Len, jy gaan reg doen."

"Ek gaan." Dalk té ywerig.

Sy het daardie klein ogies waarskuwend op my gerig. "Jy belowe my."

"Ek belowe."

"Min mense kry 'n tweede kans."

"Ek weet."

Die versoeking was groot om vir Robbie de Wee dadelik te probeer loslaat op die glanskonsert-kringloop, en om hom ateljee toe te sleep vir 'n vinnige CD, en vinnige geld. Vader weet, ek het dit nodig gehad.

***

Robbie omhels my weer, as ek vir hom gaan sê alles is gedoen. En dan huil hy, uit verligting en rou, soos 'n kind.

Ek sê hy moet dit alles so gou moontlik probeer vergeet. Dit was nie sy skuld nie. Hy knik net, en vee die trane met 'n hempsmou weg.

Dan gaan stort ek, betaal vir my kamer, en ek ry. Huis toe.

Anderkant Winburg hoor ek die loei van 'n sirene agter my. Ek sien die polisievoertuig in die spieël, die blou ligte wat draai. Angs verlam my. Alles is verlore.

***

"Is dit waar dat sy CD nou die topverkoper in die land is?" vra een, voor ek kan klaarmaak.

8.2.1 Robbie het 'n pa gehad, maar hy het niks van sy pa vir Len vertel nie.

Wat kan ons hieruit aflei? (1)

8.2.2 Len het finansiële probleme gehad omdat hy nie meer 'n goeie naam as musiekpromotor gehad het nie.

Gee TWEE redes as motivering waarom hierdie stelling WAAR is. (2)

8.2.3 Dink jy Len het reg opgetree deur die kontrak wat hy met Robbie gesluit het, met Robbie se ma te gaan bespreek? Motiveer jou antwoord. (1)

8.2.4 Noem DRIE dinge wat Len gedoen het om Robbie se musiekloopbaan aan die gang te kry. (3)

8.2.5 "En dan huil hy, uit verligting ..." (Reël 13 en 14)

Waarom is die situasie hier ironies? (1)

8.2.6 "Dit was nie sy skuld nie." (Reël 15 en 16)

Wat kan 'n mens hieruit oor Len se siening van Robbie aflei? (1)

8.2.7 "Angs verlam my." (Reël 19)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reaksie van Len toe hy die polisiesirene hoor, is omdat hy (skuldig/jammer) gevoel het oor wat hy in Bloemfontein gedoen het. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.7(a). (1)

8.2.8 Lees reël 18 en 19.

Watter raad sou jy vir Len in hierdie situasie gegee het? (1)

8.2.9 Waarom voel 'n mens nie vir Robbie jammer nie? (1)

8.2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.10) neer.

Uit die slotsin van hierdie kortverhaal kan ons aflei dat Len beplan het om Robbie te vermoor omdat ...

A sy eie aandeel in die misdade dan 'n geheim sou bly.
B hy dan groot finansiële voordeel uit Robbie se musiek sou trek.
C niemand dan sou weet dat Robbie die vrouens vermoor het nie.
D hy dan nie verneder sou word as die waarheid uitgekom het nie. (1)

8.2.11 In hierdie kortverhaal word 'n musiekpromotor se lewe uitgebeeld.

Kies die gevolg uit KOLOM B om by die oorsaak in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.11(a) tot 8.2.11(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Daar is 'n dooie meisie in Robbie se hotelkamer. | A Len besef dat Robbie nie is wie hy voorgee om te wees nie. |
| (b) Len ondersoek die kwessie van al die meisies wat verdwyn het. | B Die publiek glo dat Robbie aan depressie gely het. |
| (c) Len konfronteer vir Robbie oor die meisies wat verdwyn het. | C Len ontvang laat in die nag 'n oproep van Robbie. |
| (d) Len verkondig aan die wêreld dat Robbie selfmoord gepleeg het. | D Cybelene stel vir Robbie aan Len voor. |
| | E Len word deur Robbie afgepers. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "DIE NUWE KIND" – Pieter Strauss

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE NUWE KIND – Pieter Strauss**

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
" 'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
Maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier ...

9.1.1 Noem DRIE dinge in strofe 1 en 2 waaruit 'n mens kan aflei dat hierdie nuwe kind dalk nie probleme in die skool of klas gaan veroorsaak nie. (3)

9.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In reël 3 word "óns" beklemtoon. Hieruit kan ons aflei dat die kinders die nuwe leerder (uitsluit/insluit). (1)

9.1.3 Lees reël 5 en 6.

Was die onderwyser reg om die nuwe kind op hierdie manier aan die klas voor te stel? Motiveer jou antwoord. (1)

9.1.4 Die leestekens in hierdie gedig help om die tema uit te bou.

Kies die funksie uit KOLOM B om by die leesteken in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.1.4(a) tot 9.1.4(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) dubbelpunt (Reël 1) | A Dit beklemtoon hoe die kinders teenoor die nuwe kind moet optree. |
| (b) aanhalingstekens (Reël 5 en 6) | B Dit dui aan dat die houding van die leerders teenoor die nuwe kind verduidelik gaan word. |
| (c) kommas (Reël 11) | C Dit dui op die nuwe kind se drome vir die toekoms. |
| (d) ellips (Reël 16) | D Dit beklemtoon dat die nuwe kind sonder vriende is. |
| | E Dit dui aan dat die onderwyser die nuwe kind bekendstel. |

(4 x 1) (4)

9.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.5) neer.

"Uit 'n Tupperware-bakkie, <u>soos dit hoort</u>,
eet jy pouses jou snytjies brood."

Uit die onderstreepte woorde lei ons af dat ...

A die nuwe kind maklik by die ander sou kon inpas.
B niemand hulle aan die nuwe kind gesteur het nie.
C die ander kinders jaloers op die nuwe kind was.
D pouses alleentye vir die nuwe kind was. (1)

9.1.6 In die laaste strofe kry ons 'n skip-metafoor, maar ons lees nooit die woord "skip" nie.

Haal TWEE afsonderlike woorde aan wat vir ons wys dat dit oor 'n skip gaan. (2)

9.1.7 Lees die slotstrofe.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (9.1.7(a) en 9.1.7(b)) neer.

Gedurende (a) (pouse/die kunsperiode) leef die nuwe kind homself uit. Die woord "ribbekas" dui daarop dat hierdie nuwe kind met sy hele (b) (hart/lyf) uitsien na die toekoms. (2)

9.1.8 Word die skoolsituasie in hierdie gedig realisties uitgebeeld? Motiveer jou antwoord met TWEE feite uit die gedig. (2)

9.1.9 Die tema van hierdie gedig handel oor 'n buitestander. Motiveer waarom hierdie tema so relevant in Suid-Afrikaanse skole is. (1)

**EN**

9.2 **"TIEN HAIKOES VIR DIE VREDEFORTKOEPEL" – Hans du Plessis**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TIEN HAIKOES VIR DIE VREDEFORTKOEPEL – Hans du Plessis**

Meteoriet
Deur die donker klief
'n klipvuis en klap lewe
uit die aarde uit.

Wind
'n Asem jaag oor
yslike nagte en vee
ons winternis weg.

Water
Jy maak so silwer
sonder droë woorde sin
wat my skoon verstom.

Grond
Vang reën en son in
die bakhand van jou lyf waar
lewe kliphart klop.

Boom
Veerlig dwarrel herfs
van kil takke los en broei
nog 'n lente uit.

Mens
Toe staan stof uit stof
en oorheers die aarde op
grond van sy bestaan.

Wêrelderfenis
En ons koepel skeur
al langs perforasies van
mens-dom middeldeur.

Besoedeling
Nou moet dier en duif
hees van die rook en roet vir
byl en treksaag boet.

Dankgebed
Heer, ons paaie lê
uitgeteer oor brûe met
water onderdeur.

Tien
Vuis van swael en vuur
gaan duskant ons Groot Ekskuus
weer kom asem haal.

9.2.1 Hoe is die Vredefortkoepel gevorm? (1)

9.2.2 Noem EEN kenmerk van 'n haikoe wat op hierdie gedig van toepassing is. (1)

9.2.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In reël 1 gebruik die digter die woord "klief", wat "kap" of "sny" beteken, in plaas van "val". Dit is om die (krag/gevaar) van die meteoriet se ontploffing te beklemtoon. (1)

9.2.4 Noem die TWEE gevolge wat die "vuishou" in die eerste strofe vir die aarde gehad het. (2)

9.2.5 Verduidelik die woordspeling met die woord "yslike" in reël 5. (2)

9.2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.6) neer.

Die s-alliterasie in haikoe 3 is effektief, want dit is asof jy die ...

A druppels op jou tong kan proe.
B geruis van die water kan hoor.
C nattigheid op jou vel kan voel.
D droogte om jou kan sien. (1)

9.2.7 In reël 10 en 11 kry ons 'n voorbeeld van 'n metafoor.

Skryf die metafoor neer wat die stelling WAAR maak. (1)

9.2.8 Verduidelik wat reël 13 en 14 beteken:

"Veerlig dwarrel herfs
van kil takke los ... " (2)

9.2.9 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit haikoe 6 aan wat na die mens verwys. (1)

9.2.10 In reël 21 sê die spreker dat die mens dom opgetree het in sy hantering van die Wêrelderfenisgebied.

Stem jy saam met die spreker? Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.11 Wat gebeur volgens reëls 22 tot 24 met die natuur? (1)

9.2.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Dis water onderdeur die brug" is 'n idioom wat beteken dat dit te laat is om iets aan 'n saak te doen.

Hierdie idioom word in reëls 16 tot 27 waar, want (die mens kan nie meer die skade aan die natuur herstel nie/die mens sal nog die skade aan die natuur kan herstel). (1)

9.2.13 Waarom kan ons sê dat die spreker in hierdie gedig graag die natuur wil bewaar? (1)

9.2.14 Hierdie gedig handel oor 'n Wêrelderfenisgebied.

Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommer (9.2.14(a) en 9.2.14(b)) neer.

Die spreker in hierdie gedig vertel die storie van die ontstaan van die (a) ... in Vredefort. Die gedig vorm 'n siklus, want in die laaste haikoe lees ons weer van 'n (b) ..., soos in haikoe 1. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**